# PSALM 1

**C F G Am C**
1. Welsalig hy wat op die spoor nie gaan
**C F G Am C**
waar sondaars lok; wat op hul weg nie staan,
**C Am Em G Dm**
of neersit waar die spotglans in die oog is,
**Dm C F G E**
waar spotters spot met wat verhewe is;
**C Am Em G Dm**
maar Yahweh's wet in stille mymering,
**Dm C F G C**
by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.

**C F G Am C**
2. Hy's soos 'n boom wat diep en vas geplant is,
**C F G Am C**
sy wortels uitsprei by die waterkant;
**C Am Em G Dm**
en mild versorg deur soele lentelug,
**Dm C F G E**
sy volle drag laat sien van somervrug.
**C Am Em G Dm**
Geen teenspoed wat hom in sy werk sal stuit:
**Dm C F G C**
Wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

**C F G Am C**
3. So is die sondaar nie; sy aardse tyd
**C F G Am C**
is wisselspel en onbestendigheid.
**C Am Em G Dm**
Hy's soos die kaf wat wegwaai in die wind;
**Dm C F G E**
so sal sy lewe end, in nietigheid.
**C Am Em G Dm**
Hy hou nie stand waar Yahweh's volk Hom eer,
**Dm C F G C**
of waar die straf tot weervergelding keer.

**C F G Am C**
4. Hy ken die pad waarop sy volk moet gaan;
**C F G Am C**
Sy oog is dit wat hulle gadeslaan
**C Am Em G Dm**
met Yahweh's lig hul lewenspad bestraal;
**Dm C F G E**
maar sondaarspaaie wat van Hom wegdwaal –
**C Am Em G Dm**
dit moet vergaan, onkeerbaar in hul spoed,
**Dm C F G C**
loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.